Vrydag **19 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 144:1-10**

**Fokusgedeelte: Psalm 144:1, 2**

**Vertrou die Here**

Suksesvolle mense lyk soms so gelukkig en voorspoedig, maar hulle het ook hulle uitdagings, probleme en vyande. Selfs ’n koning beleef omstandighede waarin hy magteloos en hulpeloos is. Met al sy leermagte en raadgewers was die magtige koning Dawid nie bestand teen die ontrouheid van bondgenote en hulle gemene streke, bedrog en leuens nie.

In sekere omstandighede voel jy as mens so onmagtig:

- Hoe gaan jy dit regkry om hierdie siekte te hanteer?
- ... om hierdie uitdaging by die skool aan te pak?
- Hoe kry jy jou huwelik weer op dreef?
- Hoe kan jy die spanning by die werk hanteer?

Dawid besef dat God se mag verder strek as sy eie mag en die mag van sy vyande. Ja, dat God heers oor alle omstandighede en magte buite sy beheer.

Dawid vertrou op die Here vir twee dinge:

- Eerstens dat God hom sal help om sy verantwoordelikhede na te kom: God leer sy hande om te veg, sy vingers om oorlog te voer.
- Tweedens dat God sal sorg vir die dinge waaroor Hy nie beheer het nie: dat God sy volk aan hom onderdanig sal maak en hom sal red van sy vyande.

Christus het vir ons gedoen wat ons nie kan nie ... Hy het ons sondeskuld betaal en ons verlos van die mag van Satan. Sy Woord en sy Gees gee vir ons egter die krag om ook te kan doen wat Hy van ons vra. Dit is om in alle omstandighede te volhard in ons geloof, in ons hoop en in ons liefde. So verander ons moeilikste uitdagings in geleenthede om aan Christus getrou te wees en Hom te dien.

Vertrou op die Here en jy sal vind dat jy instaat is om te doen wat Christus van jou vra, wat ookal jou uitdagings en jou omstandighede mag wees.

*Sing: Psalm 18-1:13, 15*

*Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)*